LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
(012) 345-1031
info@lardies.co.za
www.lardies.co.za

MERIETE - KULTUUR

1. DOEL MET KULTUURDEELNAME

- Ons missie by L/S ELARDUSPARK is “Die skool waar leerlinge toegerus word” Om as ‘n gebalanseerde volwassene die eise van die samelewing te kan aandurf, is dit nodig dat ons Lardies ook op die Kultuurgebied paraat moet wees. Leerders leer om met selfvertroue te kan optree, op hulle voete te kan dink en om hulle eie mening te kan uitspreek.

- Op hierdie wyse word ook ‘n platvorm vir leierskapsvaardighede gevorm. ‘n Verskeidenheid Kultuuraktiwiteite word aangebied en die leerders kies die aktiwiteite wat vir hulle ‘n passie is en waar hulle talente verder ontgin kan word. Kultuur-prestasies en aktiwiteite binne en buite skoolverband word in berekening gebring.

2. MERIETE-KOMITEE

- Die Meriete-komitee bestaan uit die Hoof, die Koördineerder vir Kultuur sowel as al die organiseerders van die verskillende Kultuuraktiwiteite bv Sr. en Jr. Koor, Bybelvasvra, Redenaars, VCSV, English Orators, Beeldende Kunste, Kunswedstryde en Algemene Kennis.

3. PROSEDURE

- Leerders by L/S Elarduspark word beloon vir deelname aan Kultuuraktiwiteite vanaf die vorige Meriete-geleentheid tot ongeveer 3 weke voor die huidige jaar se Meriete-geleentheid.

- Leerders ontvang briewe gedurende die 4e Kwartaal. Ouers kry twee weke geleentheid om hierdie briewe so volledig as moontlik in te vul. Die korrekte spelling van elke leerder se naam is baie belangrik. Die voltooide briewe word voor die Sperdatum na die leerder se Register-onderwyser gestuur. Sertifikate of verkieslik fotostate van die sertifikate moet die voltooide brief vergesel met die volgende inligting op:
  1. Naam van item (bv. liedjie, monoloog ens)
  2. Simbool op fotostate skryf (fotostaat soms onleesbaar), sommige Kunswedstryde sit A+ ander net ‘n goue plakker.

  (Die Register-onderwyser stuur die sertifikate so gou as moontlik terug na die ouer.) Presteerders van sommige aktiwiteite word deur die organiseerders / afrigters verskaf bv Kore, Redenaars, Bybelvasvra, Algemene Kennis en Voortrekkers.

- Die Register-onderwyser hanteer elke brief volgens ‘n Interne Prosedure en Kultuur tabel wat beskikbaar is.

- Vir dubbel kontrole word elke klas se briewe na die vlg Kontroleurs gestuur wat die totale punt bepaal en dan ook watter toekenning die leerder sal ontvang.

- Gr. 1-3 - Me. H. de Bruin en Me. S. Sauer
- Gr. 4-5 - Me. C. Hollander en Me.E. du Plessis
- Gr. 6-7 - Me.C. Hollander en Me. L.Smit
- Organiseerder van Meriete-funksie
- Kultuur Koördineerder

4. KRITERIA

- Die punte word bereken volgens ‘n glyskaal wat elke jaar deur die Meriete-komitee hersien word om nuwe kompetisies by te werk tot voordeel van elke Lardie!

5. DIE VOLGENDE TOEKENNINGS WORD GEMAAK

- Kultuuraktiwiteite en –prestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring.
- Punte word gedurende die spesifieke jaar opgebou om in aanmerking te kom vir toekennings.
- Uitslae wat te laat ontvang word vir die betrokke jaar staan oor tot die volgende jaar. Afsnydatum: 3 weke voor die meriete-aand.
- Vir ‘n totale punt van 20, word ‘n **Sertifikaat van Verdienste** toegeken.
- Vir ‘n totale punt van 40, word **Kleure vir Kultuur (Diploma)** toegeken.
- Indien ‘n **Trofee** verower word, word Kleure ook ontvang.
- ‘n **VLAM** word ontvang indien 100 punte of meer oor ‘n breë spektrum van Kultuuraktiwiteite ontvang is.
- ‘n Klein vlam vir 3 jaar Junior Koor
- ‘n Klein vlam vir 4 jaar Senior Koor **of**
- ‘n Groot vlam vir 7 jaar Koor
- ‘n Groot vlam 6 jaar eksterne deelname Redenaars (ATKV/Super 12) agtereenvolgend.

NB: Al die ontvangers van Vlamme/Trofeë word jaarliks deur die Meriete-komitee hanteer om seker te maak dat die korrekte toekennings gemaak word! Die leerder met die hoogste prestasies en puntetelling ontvang die Kultuur Trofee in Gr. 1 – 3, Gr. 4 – 5, Gr. 6 – 7.

6. LYS VAN TROFEË VIR KULTUUR:

- Kultuurleierspennings Gr. 7
- Beste Redenaar Gr. 1-3
- Beste Redenaar Gr. 4-5
- Beste Redenaar Gr. 6-7
- Beste Beeldende Kunste leerder
- Chrisna de Bruin vir beste Solosang Prestasie
- Louise Lachenicht vir Beste Drama Prestasie
- Jnr. Kultuur – Gr. 1 - 3
- Snr. Kultuur – Gr. 4 - 5
  Snr Kultuur – Gr. 6 – 7
- Veelsydigste Junior Kultuur
- Veelsydigste Senior Kultuur
- Vlamme vir Afdelingswenners (minimum 2 afdelings met vereiste punte)

7. DIE VOLGENDE BALKIES IS BESKIKBAAR (KLEURE)

- Drama
- Sang
- Kultuur
- Musiek
- Koor
- Redenaars
- Bybelvasvra
- Algemene Kennis
- Beeldende Kunste

8. KOÖRDINEERDERS: KULTUUR
Hoof Koördineerder: Me C Hollander

- Snr Koor: Me. E Eloff
- Jnr. Koor: Me. H. de Bruin
- Bybelvasvra: Me. E. Möller
- Redenaars: Me. E du Plessis
- Kunswedstryde: Moet ’n goedgekeurde kompetisie wees
  Pretoria Eisteddfod en Pierneef Kunstefees: Me L Smit
  Centurion Kunstefees en Noorderkruin: Me T. Thomas
  Afr Kunsvereniging: Me C de Bruin
- Beeldende Kunste: Me. L van Rooy
- Algemene Kennis: Me. A van Niekerk

9. KUNSWEDSTRYD DEELNAME (Alle afdelings)

- Toekennings word gemaak op grond van prestasies.
- Dieselfde werk (Drama/Sang/Beeldende Kunste) mag nie meer as twee maal in berekening gebring word vir erkenning nie. Die hoogste 2 prestasies van ’n item moet ingehandig word.
- Deelname aan groepaktiwiteite bv. Koor se punte word ook in berekening gebring.
- Deelname verdien 2 punte en word slegs per Kunswedstryd getel en nie per item nie.
- Deelname aan Voordrag konsert program verdien 6 punte.

- **NB:** ’n Balkie vir ’n aktiwiteit word aanvanklik toegeken. Die volgende jaar word ‘n hertoekenning gemaak, maar slegs ’n diploma word gegee en nie weer ’n balkie nie. Die derde toekenning is ‘n goue balkie wat die vorige 2 toekennings vervang.
  Balkies: Moet onder skoolwapen vasgewerk word.

PUNTETOEKENNING									
	B	**B+**	**A**	**A+**	**A++**	**Medalje of kategorie-wenner (Artisticulta uitgesluit)**	**Trofeë**	**Gala**	**Beurs wenners**
Pretoria Eisteddfod	2	2	3	4	5	6	7	7	10
Centurion	2	2	3	4	5	6	7	7	
Afr. Kunsvereniging	2	2	3	4	5	6	7	7	
Noorderkruin	2	2	3	4	5	6	7	7	
Pierneef	2	2	3	4	5	6	7	7	
Artisticulta	1	1	2	3	4	-	-	-	-
Ander (goedgekeur)	2	2	3	4	5	6	7	7	

PUNTETOEKENNING: DRAMA / SANG

Skool

- Hoofrol in revue / operette 6
- Byspeler in revue / operette 5
- Deelname in revue / operette 4
- IDOLS wenner 5
- IDOLS pryswenners 6

Ander / Ateljee

- Hoofrol 4
- Byspeler 3
- Deelname 2
- SATCH deelname 7
- NEA deelname Soos Kunswedstryd toekenning

TV / Verhoog

- Groot rol op TV of verhoogproduksie 7
- Byspeler op TV of verhoogproduksie 6
- Advertensie in die media 6

PUNTETOEKENNING: KUNS (Addisioneel)

- Werkstuk verskyn in departement / provinsiale kalender 7
- Werkstuk verskyn in besigheidskalender (ABSA) 7
- Werkstuk verskyn in PLAASLIKE Kalender 6
- Werkstuk 2de keer uitgestal tydens Jeugkunstefees 6
- Werkstuk uitgestal tydens Jeugkunstefees 5
- Wenner van ’n buite-kompetisie asook Depart kompetisie 4
- Naaswenner van ’n buite-kompetisie 4

MUSIEK

PUNTETOEKENNING: TEORIE EN PRAKTIES

Voor Gr.1 – Gr. 2: Unisa

Slaag: 50% - 70%	2
Eervol: 71% - 80%	4
Lof: 81% - 94%	5
Ererol: 95% - 100%	7

Gr. 3 en Hoër: Unisa

Slaag 50% - 70%	3
Eervol: 71% - 80%	5
Lof: 81% - 94%	6
Ererol: 95 – 100%	7

Voor Gr.1 – Gr.42: Royal Schools en Trinity

Slaag: 65% - 80%	1
Eervol: 81% - 90%	3
Lof: 91% - 100%	4

Gr. 5 en Hoër: Royal Schools en Trinity

Slaag 65% - 80%	3
Eervol: 81% - 90%	5
Lof: 91% - 100%	6

PUNTETOEKENNING : DANS

	Dans	Hip-Hop	Tap	Solo Champ
B	2			70-74%
B+	2			75-79%
A	3	50 – 59%	75%	80-84%
A met medalje	4	60 – 69%	80%	
A+	4	70 – 79%	85%	85-89%
A++	5	80 -89%	90%	90-94%
A++ met medalje	6	90 – 100%		90-100%

PUNTETOEKENNING : BALLET

		RAD	Cecchetti	SADTA/DASA
Pass	2	40 – 54%	40 – 59%	70 – 74%
Commended	3			75 – 79%
Highly commended	4	55 – 74%	60 – 79%	80 – 84%
Honours	5			85 – 89%
Distinction	6	75-100%	80 – 100%	90-100%

DRAMA EKSAMENS – SPRAAK + DRAMAKOLLEGE VAN SA

Slaag: 60-74% - 2 punte
Slaag met eervolle vermelding: 75-84% - 4 punte
Slaag met lof: 85% en hoër 5 punte

PUNTETOEKENNING : REDENAARS

	Deelname	**Afdeling wenner 90-100% 1ste Plek A++**	**80-90% 2de Plek A+**	**70-80% 3de Plek A**	**60-70% 4de plek B+**	**50-60% 5de Plek B**	**40-50% 6de Plek C+**
Interne Redenaars	2	6	5	4	3	2	1
Super 12	2	7	6	5	4	3	2
Super 12 Finaal	2	7	6	5	4	3	2
ATKV	2	7	6	5	4	3	2
ATKV Finaal	2	7	6	5	4	3	2
ATKV Nas Wenner	-	10	-	-	-	-	-
ABE Bailey	2	6	5	4	3	2	1
ABE Bailey Finaal	2	6	5	4	3	2	1
Eisteddfod	2	6	5	4	3	2	1
Centurion	2	6	5	4	3	2	1
Radikale Redenaars	2	6	5	4	3	2	1
Radikale Redenaars Finaal	2	6	5	4	3	2	1
Pierneef Afd wenner	2	6	5	4	3	2	1

BYBELVASVRA

Kleur vir Bybelvasvra (Diploma) word toegeken indien een van die volgende bereik word:

- Eerste of tweede plek in Gauteng Kompetisie
- Eerste of tweede plek tydens Super 12 – kompetisie
- Span genooi word na landswye finaal
- ‘n Leerder meer as 40 punte behaal slegs vir Bybelvasvra

PUNTETOEKENNING : BYBELVASVRA

Super 12	Deelname	2
Rapportryers finaal	3de plek	5
	2de plek	6
	1ste plek	7

Rapportryers kompetisie vir elke rondte	Deelname	2
	50-59%	3
	60-79%	4
	80-89%	5
	90-100%	6

- ‘n Klein vlam word toegeken aan leerders wat 3 jaar aan die Bybelvasvra deelgeneem het
- ‘n Sertifikaat van verdienste word toegeken aan leerders wat 20 punte in Bybelvasvra behaal het
- ‘n Groot vlam word toegeken aan leerders wat eerste of tweede plek in die landswye finaal behaal het

ALGEMENE KENNIS

PUNTETOEKENNING : ALGEMENE KENNIS

Interne Algemene Kennis	Deelname	2
	Derde plek	2
	Tweede plek	3
	Wenners	4

Super 12	Deelname	4
	Sesde plek	2
	Vyfde plek	3
	Vierde plek	4
	Derde plek	5
	Tweede plek	6
	Eerste plek	7

- ‘n Klein vlam word toegeken aan leerders wat 3 jaar aan die Algemene Kennis deelgeneem het.
- ‘n Sertifikaat van verdienste word toegeken aan leerders wat 10 punte of meer in Algemene Kennis gehaal het.

10. LID VAN VOORTREKKERKOMMANDO
(Merk met ‘n x)

Deelname	**2**
Voorslagknoop/Dagbreek	**2 Slegs Gr. 7-leerders**
Voorslagknoop met onderskeiding/PD	**4**

ME C HOLLANDER
KULTUURKOöRDINEERDER

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF